KOSHUIS KLOKTYE

ETENSTYE

Ontbyt: 06:45

Middagete: 13:50

Aandete: 17:45 (Op Maandae is aandete om 17:30 a.g.v. kategese)

(Etenstye mag aangepas word tydens toetse/eksamens/toere, ens.)

STUDIETYE

Maandae tot Donderdae:	Sessie vanaf	18:30 tot 19:30
	Sessie vanaf	19:45 tot 20:30
	Appèl	21:00 tot 21:15

Gedurende die eksamen is daar ekstra studie-sessies in die oggende en in die middae.

Gedurende studietye mag **geen** oproepe gemaak of ontvang word nie.

KLOKKE

Die **opstaan-klok** (elektroniese klok) word **om 06:00** deur die Onderwyser aan Diens gelui. Almal moet dan uit die bed wees.

Die Huiskomitee is verantwoordelik vir die lui van die volgende klokke, wat stiptelik gelui sal word:

1. **STILTE** om 06:30.
2. Alle beddens moet opgemaak en die kamers moet uitgevee en gereed wees vir inspeksie om 06:30.
3. Die ontbytklok (eetsaal) lui om 06:40. Almal moet dan gereed en in hul rye wees om in die eetsaal te gaan vir ontbyt. Geen verskoning vir laatkommers of wegblyers nie.
4. Klokke vir middagete lui om 13:50 (einde van die akademiese skooldag)

5. Ná middagete is dit **stilte** vanaf 14:30 tot 15:15. Tydens toetse en eksamens word hierdie tyd met “studie” vervang.

6. Die “afgaan”-klok lui om 15:30. Dan moet almal uit hul kamers en uit die koshuis wees.

   Slegs in uitsonderlike gevalle en met die nodige toestemming van ’n Onderwyser of Prefek, mag iemand gedurende hierdie tyd teruggaan kamer toe om iets te gaan haal.

   Rondlopery in die koshuis is verbode.

7. Om 16:45 lui die “opgaan”-klok: Kosgangers mag die koshuis dan weer binnegaan om te stort en gereed te maak vir aandete en studie later.

   - Die “stortklok” (“showers”) lui: Maandae om 17:00
     Res van die week om 17:15

8. Gedurende die week is aandete om **17:45** – met die uitsondering van Maandae, wanneer aandete om 17:30 is.

   Kleredrag vir aandete is die skool se sweetpak. In die somer mag leerders die baadjie uittrek en hulle “klokhemp” (Grey gholf-hemp) aanhê. Dit moet netjies ingesteek wees, en geen plakkies mag in die eetsaal gedra word nie.

   Daar word van die seuns verwag om na afloop van aandete, tot en met studietyd, buite die koshuis te speel en nie in hul kamers in te gaan nie.

9. Vir diegene wat nog nie kon stort nie, is daar ná studie weer ’n geleentheid om te stort.

   Om 20h55 lui die klok vir appèl, wat om 21:00 plaasvind.

   Om 21:40 lui die klok vir stilte, en om 22h00 moet alle ligte af wees. Hierdie tye word deur die Onderwyser aan Diens aangepas, afhangend van hoe lank appèl duur.

10. Seuns wat laat-studie benodig, moet die nodige toestemming by die diensdoende onderwyser verkry. Om 23h00 is dit “ligte-uit” vir laat-studie.

11. Ná ligte-uit moet daar absolute stilte in die koshuis wees en geen rondlopery word toegelaat nie. Enige seun wat 15 minute ná ligte-uit van sy foon gebruik maak, verbeur sy foon vir 7 dae.

12. **NAWEKE**

Saterdag:	Opstaan:	07:30
	Ontbyt:	08:00
	Appèl:	12:15
	Middagete:	12:30
	Appèl:	17:15
	Aandete:	17:30
	Appèl:	21:00

Soos die dag verloop, word die tye van ander klokke bepaal.

Sondag:	Opstaan:	07:15
	Ontbyt:	08:00
	Appèl:	11:45
	Middagete:	12:00
	Stilte:	14:00
	Stilte-uit:	16:00
	Appèl:	17:15
	Aandete:	17:30
	Appèl:	21:00

KOSHUISDEURE SLUIT ELKE AAND OM 21:00.